Mnr Scholtz gaan verder om die problematiek te verduidelik om grond in die hande te kry om die ongeveer 25 huisgesinne te hervestig. Hy bevestig dat 'n wettige ooreenkoms met Korjon bestaan, maar dat dit nie 'n maklike proses is om die persone te hervestig nie.

(3) Algemene waardasie

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste verduidelik dat die oorspandering die gevolg is van die vorige diensverskaffer se nalatigheid om volledige data aan die munisipaliteit beskikbaar te stel. Dit het gevolg gehad dat die nuwe diensverskaffer addisionele werk (op ongeveer 7000 eiendomme) moes verrig, om met die waardasie van eiendomme voort te gaan.

Mnr J T Steenkamp bevestig dat regsaksies ingestel is teenoor die voormalige diensverskaffer ten einde op te maak vir die verlies wat die Raad gelei het.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met twintig raadslede ten gunste daarvan en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in Aanhangsel A van kapitaalitems ten opsigte van die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2012/2013, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2012/2013 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2012/2013 finansiële jaar nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2012/2013 finansiële jaar (Aanhangsel C), soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2012;

(e) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2012/2013 as volg te wysig:

Kapitaal:	R 86 848 463	na	R 89 008 975
*Bedryfsuitgawe:	R 439 237 837	na	R 436 386 824
*Bedryfsinkomste:	R 413 711 316	na	R 422 971 862
Surplus/Tekort:	-R 25 526 520	na	-R 13 414 961

5.7/...

(f) Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend toegepas word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.

5.8 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 541, 5607, 1671 EN GEDEELTES VAN ERF 2596, 5602 EN 532, MALMESBURY AAN DIE WESKUS KOLLEGE (12/2/R)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en verwys na die munisipale waardasies soos bepaal deur Suid-Kaap Waardeerders wat geag te word "billike markwaarde" vir die grond te wees.

Van die grondwaardes word egter beïnvloed deur die nie-beskikbaarheid van direkte toegange tot strate en serwitute wat oor die grond geregistreer moet word.

Mnr J J Scholtz noem dat 'n proses van openbare mededinging gevolg sal word ten opsigte van die privaat ontwikkeling van 'n gedeelte van erf 2596, aangesien daar nie aan McDonalds se versoek om 'n langtermyn huurkontrak aan te gaan, voldoen kan word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A. Ten aansien van *McDonalds* se versoek

(a) Dat daar kennis geneem word van *McDonalds* se versoek van 2 November 2012 om 'n lang termyn huurooreenkoms te sluit, maar dat daar nie aan die versoek voldoen kan word nie, aangesien langtermyn verhuring aan die privaatsektor ook deur middel van openbare mededinging moet geskied en dat die eindresultaat daarvan uiteraard nie gewaarborg kan word nie;

B. Ten aansien van die Weskus Kollege se versoek

(b) Dat aangesien erwe 541, 5607, 1671 en die tersaaklike gedeeltes van erf 2696, 5602 en 532, Malmesbury nie benodig word vir die verskaffing van die minimum vlak van munisipale dienste nie en as 'surplus' beskou word tot die vereistes/behoeftes van die munisipaliteit, die Raad goedkeur dat dit uit hoofde van artikel 20(f)(i) van die *Municipal Asset Transfer Regulations*[1] ten bedrae van R5 006 099,00 (BTW uitgesluit) vervreem word aan die Weskus Kollege, as synde 'n staatsorgaan;

(c) Dat die verkoop onderhewig sal wees aan die volgende:
- dat die Raad se voorneme van vervreemding, met inbegrip van besonderhede van die erfgroottes, verkooppryse en die begunstigde geopenbaar word by wyse van 'n kennisgewing in die plaaslike media;
- die registrasie van 'n serwituut soos aangetoon op die diagram in Aanhangsel B oor erf 1671, vir gebruik as publieke loopruimte;
- 'n verpligting op die koper om enige kostes verbonde aan die opgradering van grootmaat- en interne dienste te dra;
- die koper op eie koste die vereiste aansoek om hersonering moet indien en gebonde sal wees aan die goedkeuringsvoorwaardes wat die Munisipaliteit in hierdie verband mag oplê;
- oordrag van die eiendom deur die Raad se prokureur behartig sal word en die koper aanspreeklik sal wees vir die kostes verbonde aan die opstel van 'n koopooreenkoms asook alle oordrags- en ander kostes wat uit die transaksie voortspruit;

(d) Dat die huurders van die Roelcor-gebou ingevolge die bestaande huurooreenkoms en die toepaslike kennisgewingstydperke kennis gegee word om die eiendom te ontruim;

[1] slegs in Engels uitgegee

5.8/...

(e) Dat kennis geneem word dat daar met die Malmesbury Duiweklub, wat tans ingevolge 'n huurooreenkoms in 'n struktuur op erf 1671 geakkommodeer word, in gesprek getree sal word oor hul verskuiwing na munisipale eiendom elders.

5.9 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van 'n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 15 Februarie 2013 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

ANNEXURE C

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE PUBLIEKE REKENINGE KOMITEE (MPAC) GEHOU OP WOENSDAG, 6 MAART 2013 OM 12:00 IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE MPAC	**BEAMPTES (NIE-LEDE)**
Voorsitter, rdl Y Z Cox-Bruintjies	Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Raadslede:	Dir: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Abrahams, M Z	Dir: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Cleophas, J H	Dir: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Cloete, C M	Dir: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Geel, B W	Dir: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Humphreys, F S	Interne Ouditeur, mnr P le Roux
Rangasamy, M	Strategiese Bestuurder, mnr L Fourie
Sedeman, A C	
Stemele, O M	
Gekoöpteerde lede:	
Mnr L Traut	

Verlof tot afwesigheid: me F Allie (eksterne ouditkomitee)
mnr J M Becker (eksterne ouditkomitee)
mnr C de Jager (eksterne ouditkomitee)
me V McQuire (gekoöpteerde lid)

1. **AANNAME VAN OORSIGVERSLAG OP 2011/2012 JAARVERSLAG (7/1/1/1 MY)**

Die Munisipale Bestuurder behandel die konsep Oorsigverslag wat ten opsigte van die 2011/2012 Jaarverslag in terme van artikel 129(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 opgestel en vooraf aan lede gesirkuleer is.

Mnr J J Scholtz bevestig dat daar geen vertoë van die publiek ontvang is teen die sperdatum op 27 Februarie 2013 nie. Daar is wel kommentaar vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang, maar noodsaak dit nie wysigings aan die 2011/2012 Jaarverslag nie. Die kommentaar bevat wel 'n navraag aangaande die aangetekende waterverliese ten opsigte van die 2011/2012 finansiële jaar.

Die Munispale Bestuurder gaan voort om statistieke aan die komitee voor te hou aangaande die gemiddelde waterverliese van 24 munisipaliteite in die Wes-Kaap, waarvan die gemiddeld 19% is. Mnr Scholtz verduidelik dat die norm op 12% beskou word, en het Swartland Munisipaliteit 15% waterverliese aangetoon. Statistieke ten opsigte van elektristeitsverliese word ook aan die komitee voorgehou.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat waterverliese verder aangespreek gaan word deur die implementering van 'n pypvervangingsprogram in gebiede waar gereelde pypbarste voorkom, asook die implementering van 'n sone-meteringsprojek waar addisionele watermeters geinstalleer sal word om waterverliese te beperk.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat die/...

Dat die Oorsigkomitee by die volle Raad op 28 Maart 2013 AANBEVEEL –

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2011/2012 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2011/2012 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2011/2012 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

(GET) Y S COX-BRUINTJIES
VOORSITTER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

BYWONINGSREGISTER VAN 'N MUNISIPALE PUBLIEKE REKENINGE KOMITEE (MPAC) VAN DIE MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 6 MAART 2013 OM 12:00

Raadslede	**HANDTEKENING**	**Amptenare**	**HANDTEKENING**
ABRAHAMS, M Z		Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz	
CLEOPHAS, J H		Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper	
CLOETE, C M		Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche	
COX-BRUINTJIES, Y S		Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha	
GEEL, B W		Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit	
HUMPHREYS, F S		Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp	
RANGASAMY, M		Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys	
SEDEMAN, A C		Interne Ouditeur, mnr P le Roux	
STEMELE, O M		Strategiese Bestuurder, mnr L Fourie	
		Gekoöpteerde lede	
		J M Becker (Eksterne Ouditkom)	Verskoning ontvang
		C B de Jager (Eksterne Ouditkom)	Verskoning ontvang
		F Allie (Eksterne Ouditkom)	VERSKONING
		L Traut (Wykskomitees)	
		V McQuire (Wykskomitees)	Verskoning ontvang

1. **BYWONING VAN VERGADERINGS**

`n Raadslid moet elke vergadering van die munisipale raad en van `n komitee waarvan die raadslid `n lid is bywoon, behalwe wanneer –

(a) verlof tot afwesigheid toegestaan is ingevolge `n toepaslike wet of soos bepaal deur die reëls en orders van die raad; of

ANNEXURE D

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 MAART 2013 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)	Philander, D B (ANC)
Cleophas, J H (DA)	Rangasamy, M (DA)
Cloete, C M (ANC)	Sedeman, A C (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)	Sneewe, A M (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Stanley, B J (DA)
Geel, B W (DA)	Stemele, O M (DA)
Humphreys, F S (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Hunsinger, C H H (DA)	Wilskut, W (DA)
Papers, C H (DA)	Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Pastoor De Waal Van der Westhuizen van die Sofar Gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M van Zyl en J I van der Merwe.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek, die media en die tolk. Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om die verteenwoordigers van Provinsie en die Ouditeur-Generaal bekend te stel, by name me S de Visser (Provinsiale Tesourie), mnr M Petersen (Provinsiale Tesourie), mnr V Langford (Kantoor van die Ouditeur-Generaal) en me G Gorrah (Departement: Plaaslike Regering).

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende die afgelope tyd verjaar het, met 'n spesiale woord van gelukwensing aan die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper wat op datum verjaar.

3.1 VERTONING VAN SONDEZA-DVD (17/2/2/1)

'n DVD word vertoon van die bedrywighede by die afgelope Sondeza Afri-Jeug Inisiatief wat op Ganzekraal vanaf 30 November tot 9 Desember 2012 plaasgevind het.

Die Direkteur/...

3.1/...

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die DVD dien as agtergrond tot die evalueringsverslag wat aan die Raad voorgelê is, en verder om uit te beeld dat die inisiatief slaag in sy doel, naamlik om die jeug saam te bring.

Die kampkoördineerder, me I Loock word in haar afwesigheid bedank vir haar waardevolle bydrae tot die sukses van die kamp. Me M S I Terblanche bedank ook die amptenare van die Departement: Ontwikkelingsdienste wat me Loock bystaan, sowel as die Raad wat die kamp vir die afgelope nege jaar ondersteun.

Bevestiging word gegee dat die begroting t.o.v. die kamp baie effektief bestuur word en dat daar, behalwe vir befondsing wat jaarliks vanaf die Departement van Sosiale Ontwikkeling verkry word, ook aansoek gedoen is vir befondsing vanaf die Departement van Kultuursake en Sport.

'n Spesiale uitnodiging word gerig aan alle raadslede om die opening- en afsluitingseremonies van die 10de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief hierdie jaar by te woon.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die evalueringsverslag van die Sondeza Afri-Jeug Inisiatief wat op Ganzekraal vanaf 30 November tot 9 Desember 2012 plaasgevind het.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 NOVEMBER 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 November 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 31 JANUARIE 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 31 Januarie 2013 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 14 NOVEMBER 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 8 NOVEMBER 2012

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 13 DESEMBER 2012

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 23 JANUARIE 2013

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT/...

ANNEXURE D

6./...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 1 NOVEMBER 2012

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 22 NOVEMBER 2012

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 DESEMBER 2012

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 DESEMBER 2012

6.5 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2013

6.6 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2013

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

7.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 JANUARIE 2013

7.1.1 (ITEM 5.2): WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES: INSTELLING VAN BEGROTINGS-BEHEERKOMITEE (11/1/3/1/10)

Die Munisipale Bestuurder verskaf agtergrond tot die instelling van die begrotingsbeheerkomitee wat per abuis weggeval het van die lys van verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees wat op 31 Januarie 2013 aan die Raad voorgelê was.

Die funksies van die begrotingsbeheerkomitee, as 'n komitee van die Uitvoerende Burgemeester, word vervat in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT

Dat die begrotingsbeheerkomitee as volg saamgestel word ingevolge die *Municipal Budget and Reporting regulations*, naamlik –

RAADSLEDE	
Die Uitvoerende Burgemeester	rdh T van Essen
Die raadslid wat as voorsitter dien op die Finansies Portefeuljekomitee	rdl C H H Hunsinger
Lede van die Uitvoerende Burgemeesterkomitee verantwoordelik vir administrasie en finansies	rdl M van Zyl
Addisionele Raadslid/lede uit die administrasie en finansies	rdl B W Geel rdl M Rangasamy
AMPTENARE	
Die Munisipale Bestuurder	mnr J J Scholtz
Hoof Finansiële Beampte	mnr K C Cooper
Senior bestuurder verantwoordelik vir ten minste die drie grootste begrotingsposte in die munisipaliteit	Alle direkteure
Bestuurder verantwoordelik vir begroting	-
Bestuurder verantwoordelik vir beplanning (GOP)	mnr L Fourie
Tegniese kundiges op gebied van infrastruktuur	Ingesluit by direkteure

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2011/2012 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2011/2012 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 31 Januarie 2013 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die munisipale publieke rekeninge komitee (MPAC) het op 6 Maart 2013 vergader ten einde 'n Oorsigverslag saam te stel, wat met die sakelys gesirkuleer is.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met twintig raadslede ten gunste daarvan, en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2011/2012 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2011/2012 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2011/2012 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

8.2 RAADSLIDVERGOEDING, TOELAES EN BYVOORDELE (5/10/1)

Die verhoging in salarisse, toelaes en voordele van raadslede is op 7 Desember 2012 in Staatskoerant Nr. 35962 afgekondig en aan die Raad voorgelê op 31 Januarie 2013.

Die aspekte, soos hieronder vermeld, is deur die Raad na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en administrasie terug verwys om die bekostigbaarheid daarvan te oorweeg en is dit op 'n vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 13 Maart 2013 bespreek vir 'n aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met twintig stemming ten gunste daarvan, en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

A. Mobiele datakaarte

(a) Dat geen vaste maandelikse toelaes betaalbaar sal wees aan munisipale raadslede vir die gebruik van mobiele datakaarte nie;

(b) Dat daar egter slegs ten opsigte van voltydse raadslede toegelaat sal word dat 'eenmalige' eise van tyd tot tyd by die Uitvoerende Burgemeester ingedien mag word om vergoeding uit te betaal vir datakaarte, op voorwaarde dat sodanige eise beperk sal word tot die gebruik van datakaarte vir amptelike besigheid wat verrig word weg van die munisipale hoofkantoor;

B. "Tools of/...

8.2/...

B. "Tools of trade"

Dat die volgende "tools of trade" slegs aan voltydse raadslede beskikbaar gemaak sal word:

Kantoorakkommodasie en –toerusting; parkeerplekke; besigheidskaartjies; sakrekenaars; briefhoofde; skryfbehoeftes; drukkersink ('toner cartridges'); dagboeke; posgeld; kantoortelefoon; en toepaslikse mobiele tegnologie en multi-digitale kantoor, ingesluit skoot- en/of 'desktop' rekenaar, drukker, fotokopieë en 'scanner'.

C. Reistoelaes vir amptelike besigheidsreise

Dat, met ingang vanaf 1 April 2013, reistoelaes geëis mag word uit hoofde van die Raad se Beleid insake die Betaling van Reis-, Akkommodasie- en Verblyfkostes vir amptelike besigheidsreise wat gemaak word na en van die 'munisipale kantore' en 'werksplekke' soos hieronder gedefinieer:

(a) Ten aansien van **voltydse raadslede**, sal 'munisipale kantore' verwys na:

Malmesbury, in die geval van rdle T van Essen, C H H Hunsinger, M S I Goliath, R F van der Westhuizen en N J A Rust
Riebeek Kasteel, in die geval van rdl W Wilskut
Moorreesburg, in die geval van rdl M van Zyl

(b) Ten aansien van **deeltydse PR (proporsionele) raadslede**, sal 'plaaslike munisipale kantore' verwys na Malmesbury Hoofkantoor
(t.o.v. O M Stemele, B W Geel, C M Cloete, D B Philander, C Fortuin, A M Sneewe, F S Humphreys, J I van der Merwe, Y S Cox-Bruintjies)

(c) Ten aansien van **deeltydse Wyksraadslede**, sal 'gewone werksplek' verwys na:

Moorreesburg, in die geval van rdl C H Papers
Riebeek-Wes, in die geval van rdl M Z Abrahams
Chatsworth, in die geval van rdl B J Stanley
Darling, in die geval van rdle J H Cleophas en M Rangasamy
Malmesbury, in die geval van rdle A C Sedeman en N S Zatu;

(d) Dat 'amptelike besigheidsreise' sal verwys na reise gemaak deur raadslede in die uitoefening van funksies en verpligtinge binne sowel as buite die area van jurisdiksie van die munisipaliteit, bv. om vergaderings by te woon, om die munisipaliteit te verteenwoordig by 'n konferensie, werkwinkel, vergadering, seminaar of vir enige ander amptelike verpligting;

(e) Dat kennis geneem word dat alle reis-eise aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word in terme van die bovermelde raadsbeleid;

(f) Dat die Raad se Beleid insake die Betaling van Reis-, Akkommodasie- en Verblyfkoste gewysig word om die bostaande beleidsriglyne te akkommodeer;

(g) Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur: Finansiële Dienste versoek word om op 28 Maart 2013 om 14:00 'n werkwinkel in die Banketsaal te hou vir alle belangstellende raadslede om die inhoud van bostaande te verduidelik asook die prosedures wat in terme van die beleid gevolg moet word met ingang vanaf 1 April 2013.

GETEKEN:
SPEAKER